LINDENNUUS

8 September 2017

KALENDER VIR DIE KOMENDE WEEK

Datum	Aktiwiteit
Saterdag 9 September	Netbal: Fast 5 Gautengkampioenskappe Lindenkoor: Atrium Adagio
Maandag 11 September	Kruisweek begin
Woensdag 13 September	Atletiek: Interhuis om 14:15

VAN DIE BEHEERLIGGAAM

Dit is vir ons verblydend om u te kan meedeel dat ons nou in die pylvak is van die aanstellingsproses van 'n Skoolhoof vir Hoërskool Linden.

Die proses is tot dusver streng volgens die Departementele voorskrifte bestuur. Verskeie gehalte aansoeke is ontvang, die onderhoude is voltooi en die Beheerliggaam se aanbeveling word nou aan die Gauteng Departement van Onderwys oorhandig.

Die aanstellingsproses behoort binne die afsienbare toekoms voltooi te wees. Ons sien uit daarna om reeds vroeg in Oktober Hoërskool Linden se nuwe Skoolhoof aan u bekend te stel.

Langs hierdie weg wil ek u, as ouers, ons personeel en leerders bedank vir die vertroue wat u in ons gestel het en vir die begrip en ondersteuning wat ons deurgaans van al Hoërskool Linden se belanghebbendes ontvang.

Ons sien uit na die nuwe tydvak wat binnekort in ons Skool se geskiedenis ingelei sal word.

Ronél de Wet
Voorsitter Hoërskool Linden Beheerliggaam

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

SPORT

Atletiek: Blits Interhuis

Linden Atletiek is volstoom aan die gang. Woensdag 13 September vind ons Blits Interhuis-byeenkoms plaas. Die byeenkoms begin om 14:15. Laerskool leerlinge is ook welkom om te kom deelneem.

Vir meer inligting kontak gerus ons sportontwikkelings-spesialis, Les Archer per e-pos: lesarcher@me.com of stuur ‘n epos aan Hoërskool Linden se atletiekorganiseerders:

Dané v.d Linde: dane.vanderlinde@linden.co.za
Luvan Viljoen: luvan.viljoen@linden.co.za

Tennis

Hoërskool Linden se tennisspanne neem hierdie week aan die Inter Africa Bureau de Change Hoërskole Toernooi in Bethlehem deel. Baie sterkte aan al vier die spanne.

Seunshokkie

Die eerstespan neem hierdie maand aan die 'Pre-Season Indoor Summer League' by Dainfern College deel. Die liga het verlede naweek afgeskop. Wedstryde is propvol aksie en hope pret, maar ook 'n uitstekende geleentheid om vaardighede op te skerp en in te oefen.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

KULTUUR

Lindenkoor – Atrium Adegio

Musiekliefhebbers kan uitsien na 'n wonderlike belewenis op Saterdag 9 September wanneer Lindenkoor sy jaarlikse AtriumAdagio-konsert aanbied in samewerking met ses van ons land se voorste divas.

Die soliste Linelle Wimbles, Louette Johnstone-Grove, Loveline Madumo, Veramarie Meyer, Elizabeth Lombard en Minnette du Toit-Pearce beloof om saam met 'n stryk-ensemble en Lindenkoor die gehoor mee te voer op 'n besonderse klassieke reis.

Baie sterkte aan die Lindenkoor met hierdie opvoering. Ons sien met groot verwagting daarna uit.

Artes

Die Artes spog met die room van die skool se kultuurtalent, aangesien daar van elke deelnemer verwag word om ‘n streng oudisieproses te slaag. Inskrywings sluit 29 September en moet soos volg ingehandig word:

- Skryfkunsstukke by me. Z. Jordaan.
- Beeldende Kunsstukke by me. A. le Grange.
- Uitvoerende Kuns inskrywings me. C. Fourie.

Uitdunne vir Uitvoerende Kuns vind plaas op 10 Oktober.
Finaal vind plaas op 12 Oktober.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

SOSIAAL

Kruisweek

Kruisweek vind plaas van 11 tot 14 September. Enigeen is welkom om by ons aan te sluit. Die *Spiritual Warfare Attack Team* (S.W.A.T.) sien uit om die Lindeniete en hulle vriende te verwelkom.

ADVERTENSIES

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

AKAD+ Learning Centre / Leersentrum

http://akadplus.co.za

- Moenie wag met studiehulp tot die eksamen aanbreek nie.
- Moenie dat Wiskunde & Wetenskap jou kind se selfvertroue knak nie.
- Akad Plus bied aanvullende klasse in alle vakke maar fokus spesifiek op **Wiskunde & Natuurwetenskappe**. Ons het kundiges wat leerders in alle grade kan help. Skakel Dr Melanie Jacobs (0828827732) of stuur epos na melanie@akadplus.co.za

Contact us on
011 792 5459 | 072 999 2229
Email: info@pilatesdynamics.co.za Website:
www.pilatesdynamics.co